

6 Mei

Skrifgedeelte: Rigters 2:6-3:6

Fokusgedeelte: Rigters 3:1-6

God gebruik in sy troue liefde selfs my ontrou ten goede

Die Here se trou aan sy kinders is ongelooflik. Selfs as hulle keer op keer sondig en swaar moet lei onder die gevolge van daardie sonde, dan gebruik God hulle eie ontrou tot hulle geloofsopbou. Jy staan verstom oor die geduld en die genade wat die Here aan sy kinders betoon. In die gelese gedeelte kry ons 'n oorsig oor die geskiedenis wat gaan volg en wat God met hierdie geskiedenis wil bereik. Want, jy sien, God bly altyd in beheer selfs al draai ek en jy ons rug op Hom.

So gebruik God dan die beproewende omstandighede waarin die volk beland telkens vir hulle ten goede. Hulle verdrukking word in die eerste plek 'n toets vir hulle geloof. Die krag van ons geloof sal slegs na vore kom as dit getoets word. In die tweede plek voed die Here hulle op om in besondere omstandighede as volk staande te kan bly. So word die herdersvolk deur die oorloë en gevegte toegerus om hulleself te handhaaf tussen die volke en grensgevegte van daardie onstabiele tyd van hulle bestaan. Elke beproewing voeg waarde toe tot my geloof en vermoëns sodat ek volgende keer beter staande kan bly.

In die derde plek word die volk deur elke beproewing teruggelei na God. Jy leer weer om jou eie onvermoë en jou eie sonde raak te sien en dan weet jy: alleen die Here kan my help. Daarom moes Christus ook die pad van beproewing loop, want só alleen kon ons gered word.

Is daar een of ander beproewing in jou lewe? Moenie moedeloos word nie – wees ook in jou beproewing 'n goeie leerling in die koninkryk van God. Onthou: Hy gebruik selfs die mees onaangename omstandighede om jou te leer, jou te toets en jou weer na Hom te lei. Wag maar – Hy sal op sy tyd weer genade betoon.

Sing: Psalm 51:8

Ds P Venter (Rustenburg-Wes)